LETA

INSPIRE

Initiative for Social Performance in Renewable Energy

# OORSIG VAN

# Program vir die verkryging van hernubare energie van onafhanklike verskaffers (REIPPPP)



## WAT IS HERNUBARE ENERGIE?

Hernubare energie word gemaak van hulpbronne wat deur die natuur vervang kan word, soos **wind, water,** en **sonskyn**.

Hernubare energie word ook "skoon energie" of "groenkrag" genoem omdat dit minder skadelike gevolge vir lug en water inhou. Suid-Afrika as 'n land benodig **meer elektrisiteit** (ingesluit **elektrisiteitinfrastruktuur**, dit is *kragsentrales en transmissienetwerke*) namate die bevolking en elektrisiteitsbehoeftes groei.

*Steenkoolaangedrewe elektrisiteit en kernkrag (wat krimp) is baie duurder as hernubare elektrisiteit*








## HOEKOM GEBRUIK ONS NIE ALTYD HERNUBARE ENERGIE NIE?

Hernubare energie is nog 'n redelik nuwe tegnologie en dit word nou eers versprei in Suid-Afrika toegepas, maar mettertyd gaan ons meer hernubare energie gebruik, met alternatiewe opberging en ander geskikte tegnologieë, namate die bedryf groei en daar 'n groter verskuiwing van vuil energie na skoon energie is.

## WAAR KOM HERNUBARE ENERGIE VANDAAN?

Hernubare energiebronne is oral om ons. Dit is in die wind wat waai, die son wat skyn, die water wat vloei, en selfs in die gras wat groei. Ons is elke dag in wisselwerking met hernubare energiebronne.



**WINDPLAAS:** is 'n groep windturbines op dieselfde plek wat vir die opwekking van elektrisiteit gebruik word.

**WINDTURBINE:** is 'n roterende masjien wat kinetiese energie van die wind in meganiese energie omskakel.

**SONENERGIE:** energie opgewek uit hitte/die son

**HIDROËNERGIE:** energie opgewek uit water

**BIOMASSA-ENERGIE:** gebruik natuurlike materiale soos bome en plante om elektrisiteit op te wek, maar dit kan ook afvalprodukte soos vullis behels

## IPP Onafhanklike kragverskaffer

**IPP** is 'n organisasie wat 'n kragopwekkingsaanleg besit en elektrisiteit aan nutsmaatskappye en elektrisiteitsgebruikers kan verkoop. Dit is gewoonlik 'n privaat maatskappy en is oor die algemeen nie 'n openbare nutsmaatskappy nie. Elektrisiteitstransaksies tussen IPP's en hul kliënte word gewoonlik gereguleer deur 'n kontrak wat bekend staan as 'n **"kragaankope-ooreenkoms"**. In Suid-Afrika verkoop IPP's hul elektrisiteit aan **ESKOM, munisipaliteite of ander groot afsetpunte** (soos myne en fabrieke).




## REIPPPP

## Die program vir die verkryging van hernubare energie van onafhanklike verskaffers

Die Verkrygingskantoor is deur die Departement van Energie (DoE), die Nasionale Tesourie (NT) en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (DBSA) gestig met die hoofmandaat om elektrisiteit van hernubare en niehernubare energiebronne via die privaatsektor te bekom.

Energiebeleid en -voorsiening behels egter nie net tegnologie nie, maar het ook 'n beduidende invloed op ekonomiese groei en sosio-ekonomiese ontwikkeling. As sodanig is die IPPP ontwerp om nie alleen die verkryging van energie te omvat nie, maar ook tot die breër nasionale ontwikkelingsdoelwitte, soos werkskepping, sosiale opheffing en die uitbreiding van ekonomiese eienaarskap, by te dra.




## HOE BEVOORDEEL REIPPPP GEMEENSKAPPE?

- Dit help om **die energiekrisis** in Suid-Afrika **national grid** op te los deur elektrisiteit aan die **nasionale netwerk** te voorsien
- Dit bevorder ook ekonomiese aktiwiteite in die land
- Dit **dra by** tot plaaslike ekonomiese en gemeenskapsontwikkelingsgeleenthede deur die **IPP-projekte**

## HOE KRY 'N MENS SEGGENSKAP AS 'N GEMEENSKAP?

'n Hernubare energieprojek kan verskillende magtigings en permitte vereis, wat openbare deelnameprosesse tot gevolg het en raadpleging en betrokkenheid van gemeenskappe verg. Een daarvan is 'n omgewingsimpakevaluering (EIA). Indien 'n hernubare energieprojek tot gelyste aktiwiteite ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) lei (byvoorbeeld projekte groter as 20 MW buite stedelike gebiede), word 'n EIA vereis.

- Sodra 'n voorgestelde projek onder jou aandag kom, versoek die omgewingsevalueringpraktisyn (EAP) om jou as 'n belanghebber en betrokke party te registreer sodat jy bywerkings kan ontvang.
- Geregistreerde partye kan skriftelike kommentaar op alle EIA-verslae, waarin hierdie insette vervat is, indien.
- Kennisgewings moet in plaaslike tale wees, en kommentaar mag in jou eie taal gelewer word.
- Daar word van jou verwag om openbare vergaderings by te woon en skriftelike kommentaar binne die vereiste tyd (minstens 30 dae) te lewer.
- Indien die EIA goedgekeur word, mag jy binne 20 dae ná kennisgewing by die minister van Omgewing, Bosbou en Visserye teen die besluit appelleer.


## Die REIPPPP is 'n geleentheid om mense te bemagtig

**Bemagtiging is die proses waardeur mense groter beheer neem oor die besluite, bates en beleid, die instellings, en die prosesse wat hulle lewensbestaan beïnvloed.**

**Dit kan bereik word deur die inkomste en bates van die arm mense te verhoog; intervensies wat daarop gemik is om vertroue en selfrespek te verbeter; die ontwikkeling van gesamentlike besluitneming en/of deur die hervorming van politieke instellings om dit meer inklusief te maak.**

## BELANGRIKE FEITE OOR REIPPPP

- Teen **2025** is altesaam **128 projekte** aan die privaatsektor toegeken
- Die **134 651 GWh** energie is opgewek deur hernubare energiebronne wat via die REIPPPP verkry is sedert die eerste projek in **November 2013** in werking getree het.



## WAAR WORD REIPPPP-PROJEKTE IN SUID-AFRIKA AANGETREF?

**CAPTION: TEGNOLOGIE-ONTLEDING PER PROVINSIE IN MEGAWATT MET GROOTTOTALE**

| | Aanlandige wind | Sonkrag (fotovoltaïes) | Klein hidro | Biomassa | Terreinvullingsgas |
|---|---|---|---|---|---|
| Oos-Kaap | 1 426 | 70 | | | |
| Vrystaat | | 196 | 8 | | |
| Gauteng | | | | | 8 |
| Limpopo | | 118 | | | |
| Mpumalanga | | | | 25 | |
| Noordwes | | 275 | | | |
| Noord-Kaap | 1 458 | 1495 | 10 | | |
| Wes-Kaap | 729 | 134 | | | |

**CAPTION: TEGNOLOGIE-ONTLEDING IN MEGAWATT VIR DIE REIPPPP IN GEHEEL TOT DUSVER**

| | |
|---|---|
| Aanlandige wind | 77 367 |
| Sonkrag (fotovoltaïes) | 43 565 |
| Biomassa | 476 |
| Klein hidro | 786 |
| Terreinvullingsgas | 224 |

## VOORDELE VAN PLAASLIKE GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Die konsep **plaaslike gemeenskap** word in die REIPPPP verstaan as **nedersettings** óf **ebinne 'n radius van 50 km om 'n projekterrein** óf **binne die distriksmunisipale grens** *(verskil tussen IPP-projekte)*.


### WERKSKEPPING

IPP's gee voorkeur aan die indiensneming van swart Suid-Afrikaanse burgers, ingesluit vroue en jeugdiges uit plaaslike gemeenskappe.

Die **REIPPPP** het tot dusver **99 519** werksjare* in Suid-Afrikaanse gemeenskappe geskep.

### ONDERNEMINGSONTWIKKELING (ED)

ED-beleggings van **R1,1 miljard** tot dusver in aanvangsondernemings, ens.




### SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING (SED)

SED-beleggings van **R3,5 miljard** tot dusver, wat soos volg verdeel is:

- Opvoeding
- Gesondheidsorg
- Maatskaplike welsyn
- Algemene administrasie
- Ondernemingsontwikkeling

### PLAASLIKE AANDEELHOUDING

Ongeveer **11%** van elke **IPP** word besit deur entiteite wat gemeenskappe verteenwoordig (soos gemeenskaptrusts en gemeenskapmaatskappye). Die dividende word in gemeenskapontwikkelingsprojekte belê.

**Werksjare: Die ekwivalent van 'n voltydse werksgeleentheid vir een persoon vir een jaar.*

## VERSOEK OM INLIGTING

- Gemeenskappe wat deur nuwe energieprojekte geraak word, of daardeur geraak kan word, is geregtig op inligting oor wat voorgestel word en hoe die projek hulle en hul regte kan beïnvloed..
- Artikel 32 van die Grondwet gee almal die reg om toegang te verkry tot inligting wat deur die Staat en deur 'n ander persoon gehou word, indien daardie inligting nodig is om ander regte uit te oefen of te beskerm. Jy kan toegang tot rekords aanvra deur 'n versoek via die Wet op die bevordering van toegang tot inligting (PAIA) in te dien.
- Dit is altyd raadsaam om vroeg reeds met die projekontwikkelaar in verbinding te tree ten einde deursigtigheid en kommunikasie in die daaglikse praktyk te vestig.

## VOOR JY ENIGIETS ONDERTEKEN

**Bly waaksaam: Neem van die begin af ingeligte besluite**

Voordat jy enige dokument onderteken, is dit belangrik dat die gemeenskap goed ingelig is, tyd gegee word om te besin, en toegang tot onafhanklike regsondersteuning het.

**10 rooi vlae om voor uit te kyk:**

1. Beloftes word slegs mondeling gemaak (niks is op skrif nie)
2. Druk om "vinnig te teken" sonder tyd om te dink
3. Geen onafhanklike regsadvies nie
4. Botsing van belange (dieselfde persoon vir verskeie rolle)
5. Geen notules van gemeenskapsvergaderings nie
6. Tegniese taal sonder vertaling
7. Gemeenskap mag nie vrae vra nie
8. Geen dokumentasie van vorige afsprake nie
9. "Een-grootte-pas-almal"-benadering
10. Geen duidelike tydlyn of volgende stappe nie